Jes 9:5 **ONS HET 'N RAADSMAN**

## 1. ALMAL HET SOMS RAAD NODIG

Niemand het al die wysheid in pag nie. *"Wysheid groei in direkte verhouding tot 'n mens se insig in jou eie onkunde. As jy vandag kan insien dat jy nie so slim is as wat jy gister gedink het nie, is jy vandag wyser as gister."* (Anthony de Mello)
Daar is dus niks verkeerds daarmee om raad te vra nie. Inteendeel: *"Sonder oorwoë leiding val 'n volk; die redding lê in baie raadgewers."* (Spr 11:14)
Daar is vandag baie konsultante en spesialis-raadgewers oor alles en nog wat. Dink maar aan inbelprogramme soos Wat sê die dokter/ prokureur/ veearts en gewilde TV programme soos dr Phil.
Lees ons die Vraerubrieke in Tydskrifte, dan is dit duidelik mense is baie dae oor raad verleë oor hoe om hul huwelike te laat werk, kinders op te voed en situasies by die werk te hanteer.
As gemeente en as kerk het ons ook meermale raad nodig. Soms roep ons die hulp van fasiliteerders en brugpredikante in.
Dan is daar natuurlik ook nog die internet, Google en biblioteke…
Party neem hul toevlug tot toordokters wat dolos gooi, sterrewiggelaars en spiritiste.

## 2. WEES VERSIGTIG MET RAADGEWERS

Nie alle raadgewers is ongelukkig ewe betroubaar nie. Ps1:1 begin met die woorde: *"Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie ..."* Slegte raad het al baie mense in groot ellende laat beland en baie van hulle sit vandag in die tronk. Koning Saul het by 'n gees raad gevra en gevolglik sy koningskap en sy lewe verloor (1 Kron 10:13,14).
Koning Salomo se seun Rehabeam, wat na hom koning geword het, het pas na sy bewindsaanvaarding met 'n probleem te kampe gekry. Hy vra toe eers die raad van die ouer mense wat in sy pa se diens was en daarna ook die raad van die jonger manne wat saam met hom grootgeword het. Dan lees ons: "*Koning Rehabeam het die raad van die ouer mense in die wind geslaan en die volk geantwoord volgens die raad van die jonger manne: 'Ek gaan 'n swaar juk op julle lê, ek gaan dit nog swaarder maak. My pa het julle met swepe geslaan, ek sal julle met gesels slaan."* (2 Kron10:14). Dit blyk toe die verkeerde raad te gewees het.

## 3. GOD GEE UITNODIGING EN OPDRAG

Gelukkig kry ons in Jak 1 die uitnodiging dat ons maar by God om raad kan aanklop: *"As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee…"* (1:5)
Dis psalmis het vir ons die voorbeeld gestel waar hy in Ps 25 bid: *"Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie."*
Ons kry ook voorbeelde wat vir ons 'n waarskuwing inhou, bv in Jes 30: *"Ellende wag vir die rebelse mense wat planne uitvoer wat nie van My af kom nie, sê die Here, die wat verdrae sluit wat nie volgens my wil is nie en sonde op sonde stapel. Hulle gaan af na Egipte toe <u>sonder om My te raadpleeg</u>…"* (30:1,2) Dit was Saul se sonde – dat hy raad gevra het by 'n gees *"in plaas van die Here te raadpleeg"* (1 Kron 10:14).
God het immers dit verbied dat sy mense hulle wend tot *"iemand wat voortekens lees… of iemand wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg."* (Deut 18:10,11). In plaas daarvan moes hulle na die profete luister (:15).
Ons lees weer van 'n ander koning van Israel, Ahasia, wie se ma van alle mense hom slegte raad gegee het om verkeerd op te tree (2 Kron 22:3). *"Hy het gedoen wat*

*verkeerd was in die oë van die Here, net soos die koningshuis van Agab, want na sy pa se dood was hulle sy raadgewers, en dit het sy ondergang beteken."* (:4) Dit was ook Jakob se ma wat hom die raad gegee het om sy blinde pa te bedrieg (Gen 25:5 e.v.).
Dan was daar ook diegene wat eenvoudig God se raad in die wind geslaan het. (Dr en apteker!) Die ryk jongman het bv nie Jesus se raad aanvaar nie. Vlgs Lukas was hy "diep teleurgesteld" oor die raad (18:23).

**4. BELOFTE VAN 'N RAADSMAN**
As ons teksvers dus belowe dat daar 'n wonderbare Raadsman oppad is, is dit 'n kosbare belofte. Die wêreld het behoefte aan so Iemand. Jy en ek het Hom baie nodig! Wanneer ons vandag hierdie belofte lees, dan dink ons dadelik aan die Here Jesus en die Persoon en werk van die HG. Daar is nie 'n beter Raadsman as die Drie-enige God nie. Hy lei op baie maniere:

**4.1 SKRIF**: Die Bybel is meer 'n kompas as 'n padkaart. Dit dui vir ons die regte rigting aan, hoewel daar soms meer as een pad is hoe om by ons bestemming uit te kom. Deur tyd met die Bybel deur te bring, vorm dit ons gewete. Dit gee ons 'n aanvoeling vir reg en verkeerd, goed en beter. Die stem van ons gewete is soos 'n alarmpie wat afgaan wanneer ons besig is om af te dwaal van die koers wat die Bybel sê ons by ons bestemming sal uitbring. Wanneer ons raad nodig het, is daar meermale 'n voorbeeld of 'n uitspraak in die Bybel wat ons help. 'n Mens moet natuurlik die konteks in aanmerking neem. Nie alles wat in die Bybel staan, kan netso vandag toegepas word nie. (Leesrooster; Bibl.)
Maar die Bybel vertel ons van God Drie-enig en laat ons in ons verhouding met Hom groei. Met hierdie kennis kan ons soms raai wat Jesus in ons plek sou gedoen of besluit het. As ek raad nodig het, help dit soms om te vra was sou Jesus gedoen het?
**4.2 KERK**: Dan is daar ook die kerk. Die Here gee al eeue-lank raad aan die kerk en daaruit kan ons ook leer. In die kerk was en is daar toegewyde gelowiges wat na aan die Here lewe en by wie ons kan gaan kers opsteek wanneer ons raad nodig het. Die kerk se stanpunt oor sake is ondergeskik aan die van die Bybel, maar die Belydenisskrifte bv. is tog 'n eerlike poging om te probeer nasê wat die Bybel oor 'n saak voorsê.
**4.3 PREEK:** Soms kom die raad na ons deur 'n preek. Dit is wat 'n preek bedoel is om te wees – uitleg /verduideliking van die Skrif en toepassing daarvan op ons situasie en probleme. Dit mag wees dat ek al lankal tob en bid oor 'n probleem en dat daar, terwyl ek na 'n preek luister, vir my lig opgaan.
4.4 Dit mag soms selfs deur die woorde van 'n **LIED** wat ons in die erediens sing, gebeur.
4.5 Ek het ook al baie goeie raad wat ek glo van die Here afkomstig was, van GELOWIGE vriende en vriendinne en in BOEKE EN ARTIKELS gekry. My ouers was beslis werktuie in God se hand deur die raad wat ek van hulle ontvang het.
4.6 Dan is daar ook die kwessie van **OOP EN TOE DEURE**. Soms bestaan die raad daaruit dat ek eenvoudig nie 'n ander opsie het nie. As ek dan seker gemaak het dat dit die Here is wat die deure gesluit en die ander geopen het, weet ek dis sy raad aan my.
4.7 Al die voorafgaande moet natuurlik **BIDDEND** en luisterend geskied. *"In hierdie moeilike tye beleef ek baie, baie dae dat dat ek met absolute sekerheid weet dat daar geen oplossing vir ons probleme is nie. Nog ek, nog my raadgewers beskik oor die*

*nodige wysheid. So word ons gedwing om op ons knieë te gaan."* (Abraham Lincoln (1809-1865; gesê tydens Am Burgeroorlog)
Soms neem dit 'n hele tyd voordat die antwoord kom. Wanneer ons gebede egter nie net uit versoeke en praat bestaan nie, maar ook stiltes insluit waarin ons luister en die Here kans gee om ook met ons te praat, sal ons soms vind dat die Here vir ons daar en dan raad gee. Dit is asof ons dan die voor- en nadele duideliker sien, asof die lyne bymekaar kom, asof sekere goed helderder uitstaan.

**5. HY VOLDOEN AAN DIE VEREISTES**
*"Verreweg die beste geskenk is goeie raad. Snaaks dat so min mense dit wil hê."* (Desiderius Erasmus). Wie Jesus aanneem, ontvang die beste geskenk. Snaaks dat so baie Hom nie as Raadsman wil hê nie…
Wat is jou vereistes vir 'n goeie raadgewer/ konsultant? Ek is seker Jesus sal aan hulle almal voldoen! Hy is 'n wonderbare Raadsman. Kom ons soek en volg sy voorbeeld en raad. Dan sal ons ook beter raadgewers vir ander kan wees.

Amen.